dagstukkies met Reinhard

Daagliks by www.tygerberg104fm.co.za/blog

15 AUGUSTUS 2019

Kolossense 1:17: #Liggaam
"Voor alles was Hy al daar, en deur Hom bly alles in stand. Hy is die hoof van die liggaam, van die kerk."

Daar is 'n gewilde Afrikaanse idioom wat lui: Hoë bome van die meeste wind, dit beteken eenvoudig dat mense in belangrike posisies gewoonlik ook die meeste kritiek ontvang. Dit het egter nie net betrekking tot teëspoed of moeilikheid nie, maar spreek ook baie van verantwoordelikheid en outoriteit wat hierdie mense dra.

Soms is dit moeilik om volkome aan God oor te gee. Van kleins af word kinders geleer om sterk te wees, om voorbereid te wees en om in beheer van hul lewens en keuses te wees. Maar dit is nie hoe dit by God werk nie. Hy is die Hoof van hierdie wêreld. Hy is verseker ook die Hoof van jou en my liggaam en lewe. Alle mag behoort aan Hom.

Hierdie gedagte en wete – dat jy nie werklik in beheer is nie, kan baie mense bangmaak. Inteendeel, vir baie mense is dit 'n Christenskap "*deal breaker*".Maar in die totale oorgawe aan God se heerskappy is daar vryheid om 'n kind van God te wees.

Mag jy vandag besef Hy is die Hoof van jou lewe en dat jy veilig by Hom is. Hy is die Een wat die wind saam met jou aanvat en jou help staande bly.

Jesus Liefde